



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

COPYRIGHT AND CITATION CONSIDERATIONS FOR THIS THESIS/ DISSERTATION



- Attribution — You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
- NonCommercial — You may not use the material for commercial purposes.
- ShareAlike — If you remix, transform, or build upon the material, you must distribute your contributions under the same license as the original.

How to cite this thesis

Surname, Initial(s). (2012) Title of the thesis or dissertation. PhD. (Chemistry)/ M.Sc. (Physics)/ M.A. (Philosophy)/M.Com. (Finance) etc. [Unpublished]: [University of Johannesburg](https://ujdigispace.uj.ac.za). Retrieved from: <https://ujdigispace.uj.ac.za> (Accessed: Date).

BLOOTSTELLING EN DIE VERMINDERING VAN

VOORoorDEEL EN STEREOTIPES.

'n GEVALSTUDIE BY 'n SPESIALE SKOOL

deur

RAYMOND LAWTON LOUBSER

VERHANDELING

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in

MULTIKULTURALITEIT EN OPVOEDING

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE EN VERPLEEGKUNDE

aan die

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

STUDIELEIER: PROF M H TrüMPELMANN

NOVEMBER 1997

SUMMARY

EXPOSURE AND THE REDUCTION OF PREJUDICE AND STEREOTYPES

A CASE STUDY AT A SPECIAL SCHOOL

When this special school opened its doors to all races in 1995, it was the first time this exclusively white school was confronted with racial conflict. Both teachers and pupils found themselves in a situation totally new to them. This led the researcher to question whether exposure of groups would, over a period of time, reduce prejudice and stereotyping.

The literature pertains that social contact between members of different racial and ethnic groups as a method of reducing tension is beset with a great many problems. Under certain conditions social contact can increase tension rather than reduce it. According to some studies done in South Africa contact between whites and blacks have had no effect on reducing negative stereotypes and prejudice and in many cases contact between these groups has increased stereotyping and prejudice.

The findings of this study indicate that at this school exposure between children of different racial groups led to an improvement in tolerance and acceptance of one another. The findings also indicate that intergroup relations did not improve. The children formed homogeneous groups and kept their social distance.

A recommendation for further research is that research should be focussed on the problems of intergroup relations between pupils at schools.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK

BLADSY

1.	INLEIDING, BEGRIPSVERHELDERING, PROBLEEMSTELLING, DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK, METODE VAN DIE ONDERSOEK EN DIE PROGRAM VAN NAVORSING	1
1.1	Inleiding	1
1.2	Voorlopige Begripsverheldering	3
1.2.1	Vooroordeel en stereotipes	3
1.2.2	Kontak en blootstelling	4
1.3	Probleemstelling	5
1.4	Die doel van die ondersoek	6
1.5	Metode van die ondersoek	6
1.6	Program van navorsing	7
2.	LITERATUUROORSIG VAN VOORoorDEEL, STEREOTIPES EN KONTAK TUSSEN VERSKILLENDE ETNIESE GROEPE	8
2.1	Inleiding	8
2.2	Definisies van vooroordeel	8
2.2.1	Slotsom	9
2.3	Teorieë oor die ontstaan van vooroordeel	10

2.4	Die sosiodinamiese verklaringswyse	10
2.4.1	Eksplorasieteorie	11
2.4.2	Groepkonflikteorie	11
2.5	Die psigodinamiese verklaringswyse	12
2.5.1	Die frustrasie-aggressie-teorie	13
2.5.2	Die karakterstruktuurteorie	14
2.5.3	Die sosiaal-kognitiewe ontwikkelingsteorie	15
2.6	Stereotipes	17
2.6.1	Die gevare van stereotipes	18
2.6.2	Die “kern van waarheid” waarom stereotipes beskik	19
2.7	Die vermindering van vooroordeel en negatiewe stereotipes	<u>21</u>
2.7.1	Opvoeding	21
2.7.2	Propaganda	22
2.7.3	Wetgewing	22
2.7.4	Omgewing	23
2.7.5	Kontak	23
2.7.5.1	Algemene oriëntasie	23
2.7.5.2	Suid-Afrikaanse navorsing oor die kontakhipotese	25
2.7.6	Blootstelling	27
2.7.6.1	Algemene blootstelling	27
2.7.6.2	Multikulturele blootstelling	29

2.7.7	Faktore wat intergroepverhoudings kan bevorder	32
2.7.8	Faktore wat interpersoonlike verhoudings kan bevorder	34
2.7.9	Samevatting met die oog op verdere studie	34
3.	METODE VAN DIE ONDERSOEK	36
3.1	Inleiding	36
3.2	Beskrywing van subjekte	36
3.3	Navorsingsmetodes	38
3.3.1	Kwalitatiewe navorsing	38
3.3.1.1	Voordele van kwalitatiewe navorsing	39
3.4	Navorsingstrategie	39
3.4.1	Gevalllestudie	39
3.5	Beskrywing van navorsingsinstrumente	40
3.5.1	Observasies	40
3.5.1.1	Gedrag wat geobserveer kan word	41
3.5.2	Die vraelys	42
3.5.2.1	Vraelysontwerp	42
3.5.3	Onderhoude	43
3.5.3.1	Kenmerke van 'n goeie onderhoud	43
3.5.3.2	Fokusgroeponderhoud	45
3.6	Interpretering van data	46
3.6.1	Prosessering van observasiedata	46
3.6.1.1	Analise van data	47

3.6.2	Prosessering van vraelysdata	47
3.6.2.1	Kontrole van vraelyste	47
3.6.2.2	Kodering	48
3.6.3	Prosessering van onderhouddata	49
3.6.3.1	Analise van onderhoude	49
3.6.3.2	Betroubaarheid	49
4.	BEVINDINGE	51
4.1	Inleiding	51
4.2	Bevindinge	51
4.2.1	Observasies	51
4.2.2	Vraelys	52
4.2.3	Onderhoude	53
4.2.3.1	Onderhoud met die Departementshoof:	
	Opvoedkundige Leiding	53
4.2.3.2	Onderhoud met die Adjunkhoof	53
4.2.3.3	Fokusgroeponderhoud	53
4.3	Samevatting	54
5.	SLOTSOM	55
5.1	Samevatting van die studie - 'n kort opsomming	55
5.2	Gevolgtrekking	56
5.3	Aanbevelings	57
	BRONNELYS	59

HOOFSTUK 1

INLEIDING, BEGRIPSVERHELDERING, PROBLEEMSTELLING, DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK, METODE VAN DIE ONDERSOEK EN DIE PROGRAM VAN NAVORSING

1.1 Inleiding

Dit is gemeenplaas om te sê dat die diversiteit in Suid-Afrika groter is as in enige ander land. In die RSA is daar ongeveer elf tale en meer as agtien hoofkultuurgroepe (Beckman, 1992 : 8). Gegrand op hierdie feite is die potensiaal vir konflik en spanning besonder hoog. Hierdie spanninge kan die lewenskwaliteit van individue en groepe in Suid-Afrika op velerlei wyses beïnvloed (Thiele, 1988 : 1).

Met die verandering van die politieke situasie en die beweging na 'n antirassistiese demokratiese toekoms sal strategieë ontwikkel moet word sodat hierdie veranderinge so glad moontlik plaasvind. Dié wat hierdie ideaal nastreef, kom voor historiese magte te staan wat ongelyke status aan verskillende groepe toegeken het (Atmore, 1994 : 40).

Negatiewe stereotipering en vooroordeel jeens ander bevolkingsgroepe staan dikwels in die weg van goeie verhoudings en begrip vir kulturele verskille en samewerking tussen bevolkingsgroepe onderling (Botha, Botha & Engelbrecht, 1992 : 1). Die bekamping van vyandige intergroepverhoudinge verteenwoordig een van die uitdagendste probleme van ons samelewing.

Vooroordeel kan in praktyk varieer van vyandigheid tot geweldadige haat. Vooroordeel is nie net skadelik vir die slagoffers nie, die hele nasie betaal vir onverdraagsaamheid en diskriminasie (Saenger, 1953 : 3). Vooroordeel bestaan uit dieselfde komponente wat by algemene houdings van die mens aangetref word, naamlik die kognitiewe, die affektiewe en die gedragskomponente. Die kognitiewe komponent van etniese vooroordeel word geopenbaar in die beeld van “hulle groepe” en dit vergestalt in die ontwikkeling en bestaan van stereotipes. Die affektiewe komponent word gerealiseer in die ontstaan van emosies, soos wantroue, vrees, simpatie, ensovoorts, teen die “hulle groepe” en kan die kognitiewe inhoud van verskynsels soos stereotipes beïnvloed. Die gedragskomponent word gekenmerk deur die sosiale afstand wat tussen groepe gehandhaaf word (Viljoen, 1973 : 42). Vooroordeel beïnvloed kommunikasie. Dit het die moontlikheid om alle doeltreffende verbale interaksie te blokkeer en veroorsaak inkongruensie tussen verbale en nie-verbale boodskappe.

Stereotipes beïnvloed ook kommunikasie want mense reageer in ooreenstemming met hulle persepsies.. Interpersoonlike interaksie word deur die deelnemers se oortuigings van mekaar beïnvloed (Lampe, 1988 : 117). Omdat stereotipes ‘n stremmende uitwerking op interpersoonlike begrip het en omdat hulle interkulturele kommunikasie bemoeilik, kan stereotipes aanleiding gee tot wrywing en selfs konflik (Thiele, 1988 : 9). Stereotipes speel verder ook ‘n belangrike rol in intergroepverhoudinge omdat hulle weerstand teen veranderinge bied (Kamfer & Venter, 1993 : 13).

Die meeste mense verkies normaalweg die status quo bo 'n verandering wat dalk onbekend en gevaarlik kan wees. Veral individue met sterk etniese vooroordeel, klou gewoonlik aan tradisionele patrone van diskriminasie vas en bied weerstand teen rasse- en etniese kontak (Saenger, 1953 : 232).

Kontak tussen verskillende bevolkingsgroepe is wenslik en noodsaaklik om die sosiale orde te help verander. Hierteenoor was die apartheidsersa se leuse dat die vermindering van kontak tot die verbetering van verhoudings tussen groepe lei. Dit is seker regverdig om te vra of vier dekades van apartheidsbeleid voordelig was vir die verhoudings tussen groepe. Die antwoord hierop is oorweldigend negatief. Nie eens die vurigste apartheidsleier sal kan getuig dat Suid-Afrika in daardie tydperk werklik rustigheid en harmonie tussen verskillende groepe ervaar het nie (Hewstone & Brown, 1986 : 125 - 126).

'n Vraag wat gevra behoort te word, is of "blootstelling" aan verskillende groepe dalk vooroordeel en negatiewe stereotipering kan verminder.

1.2 Voorlopige Begripsverheldering

1.2.1 Vooroordeel en stereotipes

Die woord "vooroordeel" is afgelei van die Latynse selfstandige naamwoord *praejudicium* en het van die klassieke tye af 'n verandering van betekenis ondergaan. Daar is drie stadia van transformering:

- Vroeër het *praejudicium* “voorafgaande” of “voorgaande” beteken - ‘n oordeel wat grondslag vind in vorige besluite en ervarings.
- Later het die begrip in Engels die betekenis van ‘n oordeel gekry wat gevorm word voordat ondersoek en oorweging van feite in ag geneem is - ‘n vooraf of haastige oordeel.
- Hedendaags word dit beskou as ‘n meestal ongunstige emosionele toestand wat deur ‘n vooraf en ongegronde oordeel gevolg word.
- Die New English Dictionary erken die negatiewe sowel as die positiewe betekenis: “A feeling favourable or unfavourable towards a person or thing, prior to or not based on actual experience” (Allport, 1954 : 6).
- Volgens Stephan & Rosenfield (1982) is daar sprake van ‘n kognitiewe dimensie omdat kognitiewe prosesse, soos kategorisering en vereenvoudiging, onderliggend aan stereotypes is.
- Stereotypes word beskou as konsensuele oortuigings wat betrekking het op sekere eienskappe wat aan ‘n ander groep (heterostereotype) of aan die eie groep (outostereotype) toegeken word (Botha, Botha & Engelbrecht, 1992 : 60).

1.2.2 Kontak en blootstelling

Volgens Botha, Botha & Engelbrecht (1992 : 60) kan inligtingsprogramme, formele opvoedkundige programme en die samewerking aan gemeenskaplike doelwitte, faktore soos vooroordeel en stereotypes verander. Die programme is

gestruktureerd en strek gewoonlik oor etlike jare. Kontak vir die doel van die studie word gesien as die saambring van verskillende etniese groepe onder gestruktureerde omstandighede met gepaardgaande inligtingsprogramme.

Willie Snymanskool het met die oopstel van die skool vir alle bevolkingsgroepe nie die situasie geskep waar kontak tussen die leerlinge van verskillende groepe gestruktureerd sou plaasvind nie. Die skool het reëls en regulasies wat deur elke leerling gehoorsaam moet word. Die kontak tussen die leerlinge kan eerder as semi-gestruktureerd (blootstelling) gesien word. Blootstelling vir die doel van die studie kan beskryf word as semi-gestruktureerde kontak waar elke leerling in die skool binne die grense van die skool se reëls en regulasies 'n opvoeding ontvang wat hom/haar vir die volwasse lewe sal voorberei.

1.3 Probleemstelling

Toe Willie Snymanskool vir alle bevolkingsgroepe oopgestel is, het die instroming van kinders van verskillende bevolkingsgroepe tot rass spanning gelei. Voorvalle van geweld tussen die verskillende bevolkingsgroepe was aan die orde van die dag. Omdat die meeste van die leerlinge in die skool van publieke vervoer gebruik moet maak, was groot getalle leerlinge noodgedwonge verplig om saam in die busse te ry. Dit was waar die grootste gevegte tussen die verskillende groepe ontstaan het. Leerlinge het met die idee skool toe gekom om die een wat hom/haar gister geslaan het, terug te kry en so het 'n kettingreaksie ontstaan. Groot getalle leerlinge het elke dag voor die Adjunkhoof en

Departementshoof: Opvoedkundige Leiding se kantore gestaan. Hierdie leerlinge was betrokke by insidente waar geweld tussen verskillende groepe voorgekom het. Slagspreuke wat een groep 'n ander toegesnou het of een persoon 'n ander toegesnou het, het gewoonlik tot die meeste van die insidente aanleiding gegee. Dit was hierdie probleem tussen die verskillende groepe wat die navorser tot die studie aangespoor het.

1.4 *Inteding* (Die doel van die ondersoek)

Die doel van die ondersoek is om te bepaal of blootstelling tussen kinders van verskillende bevolkingsgroepe in 'n spesiale skool 'n vermindering in rassevoorvalle meebring wat met vooroordeel en stereotipes verband hou.

1.5 Metode van die ondersoek

'n Literatuurstudie vorm die basis van die studie. Vooroordeelverwerwing en -vermindering sal noukeurig ondersoek word. Daar sal na strategieë gekyk word om vooroordeel en negatiewe stereotipes deur middel van kontak tussen verskillende bevolkingsgroepe te verminder. Vir die doel van hierdie studie gaan die begrippe vooroordeel en stereotipe as dieselfde beskou word. Die begrippe word verder in hoofstuk 2 verhelder en in die daaropvolgende hoofstukke sal daar na vooroordeel en stereotipes verwys word asof hulle bloot variasies van dieselfde verskynsel is.

- Waarnemings is gedurende pouses gemaak.
- Leerlinge het vraelyste voltooi.
- Onderhoude is met die Adjunkhoof en die Departementshoof:
Opvoedkundige Leiding gevoer.
- 'n Groeponderhoud is met 'n paar leerlinge gevoer .

1.6 Program van navorsing

- In hoofstuk 1 word die diversiteit van die Suid-Afrikaanse bevolking en die nadelige uitwerking van vooroordeel, negatiewe stereotipering en apartheid tussen groepe geskets. Begrippe word verhelder, die probleem word geformuleer en die doel van die ondersoek word gestel. Die metode van die ondersoek word kortliks beskryf.
- In hoofstuk 2 word 'n literatuuroorsig van vooroordeel, stereotipes en kontak tussen groepe gegee.
- In hoofstuk 3 word die metode van die ondersoek in besonderhede beskryf.
- In hoofstuk 4 word die bevindinge van die ondersoek bespreek.
- In hoofstuk 5 word 'n samevatting gegee, 'n gevolgtrekking gemaak en 'n aanbeveling ten opsigte van die bevindinge gedoen.

HOOFSTUK 2

LITERATUUROORSIG VAN VOORoorDEEL, STEREOTIPES, KONTAK EN BLOOTSTELLING TUSSEN VERSKILLEND E ETNIESE GROEPE

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word aandag aan die konsepte “vooroordeel”, “stereotipes” en “kontak tussen etniese groepe” gegee. Definisies van vooroordeel en teorieë oor die ontstaan van vooroordeel word bespreek. Verder word daar na stereotipes, die gevare daaraan verbonde, en stereotipes as 'n “kern van waarheid” gekyk. Intergroepkontak as tegniek om vooroordeel en stereotipes te verminder, word ook bespreek.

2.2 Definisies van vooroordeel

Ashmore (1970 : 248 - 249) gee verskeie outeurs se definisies van vooroordeel en kom tot die slotsom dat daar geen universeel aanvaarbare definisie van vooroordeel is nie. Daar is wel gemeenskaplike kenmerke in die bestaande definisies. Die gemeenskaplike kenmerke kan soos volg opgesom word:

- Vooroordeel is 'n intergroepverskynsel.
- Vooroordeel is 'n negatiewe waarde-oriëntasie.
- Vooroordeel is sleg.
- Vooroordeel is 'n houding.

Ashmore (1970 : 253) gee die volgende samevattende definisie waarin al die gemeenskaplike kenmerke van die definisies van vooroordeel saamgevat word: "Prejudice is a negative attitude toward a socially defined group and toward any person perceived to be a member of that group."

Ehrlich (1973 : 3 - 4) gee ook 'n lys van verskillende outeurs se definisies van vooroordeel. Hy kom tot die slotsom dat die definisies twee gemeenskaplike kenmerke deel. Eerstens benadeel dit 'n persoon. Vooroordeel laat mense vyandig teenoor geselekteerde "ander mense" optree. Dit laat mense verkeerde veralgemenings maak, rigied en irrasioneel optree. Tweedens laat dit mense onkritiese konformiste word.

2.2.1 Slotsom



Die gevolgtrekking dat daar geen universeel omvattende definisie van vooroordeel bestaan nie, moet nie in 'n negatiewe sin gesien word as 'n ontoereikendheid of onbeholpenheid aan die kant van wetenskaplikes nie, maar eerder as 'n bevestiging van die komplekse aard van vooroordeel. Dit dui ook daarop dat dit nie moontlik is om in 'n bondige omskrywing reg te laat geskied aan die aard van so 'n verskynsel nie (Viljoen, 1973 : 5).

2.3 Teorieë oor die ontstaan van vooroordeel

Die benaderingswyses en teorieë kan in twee kategorieë ingedeel word op grond van faktore wat vooroordeel veroorsaak en in stand hou, naamlik die gemeenskap en die individu. Die benaderings en teorieë wat die gemeenskap as vertrekpunt neem en wat om die sosiodynamiese verklaringswyse sentreer, skryf die ontstaan van vooroordeel toe aan die sosiale sisteem, kultuur of groep. Die benadering wat die individu as vertrekpunt neem, sentreer om die psigo-dinamiese verklaringswyse en het ten doel om die etiologiese faktore binne die persoonlikheid van die mens te plaas (Viljoen, 1973 : 19).

2.4 Die sosiodynamiese verklaringswyse



Die sosiodynamiese verklaringswyse beweer dat mense die produk is van die sosiale milieu waarin hulle hulself bevind. Groepe met die minste status en mag in die gemeenskap word gewoonlik die meeste gederogeer. Die alternatief vind ook plaas deurdat die kompeterende groep gederogeer word wanneer die groepe teen mekaar kompeteer.

Die verskillende teorieë wat op hierdie uitgangspunt gegrond is, kan saam onder die “eksploitasieteorie” en die “groepkonflikteorie” gegroepeer word.

2.4.1 Eksploitasieteorie

Luidens die eksploitasieteorie ontstaan vooroordeel as gevolg van pogings deur 'n sekere groep om persoonlike voordeel te bewerkstellig. Die teorie fokus hoofsaaklik op houdings teenoor minderheidsgroepe, en sê verder min oor 'uitgroepe' met gelyke status en mag (Ashmore, 1970 : 256 - 257).

Daar is in enige diverse sosiale sisteem die moontlikheid van ekonomiese en politieke voordeel as gevolg van die doelbewuste (of onbewuste) eksploitasie van minderhede of minderbevoorregtes (Allport, 1954 : 234). Baie van die blankes in Suid-Afrika is daarvan oortuig dat swart mense nie bevoeg is om werk te doen wat bekwaamheid vereis nie, en alleenlik onder toesig van 'n blanke sal werk. Hierdie teorie van rasseminderwaardigheid sus die gewete van die persoon wat die teorie toepas vir die eksploitasie van minderbevoorregtes vir eie gewin (Saenger, 1953 : 88).

2.4.2 Groepkonflikteorie

Wanneer twee groepe vir dieselfde ekonomiese voordele, dieselfde werk, dieselfde afsetgebied, ensovoorts kompeteer, dan is die moontlikheid goed dat hulle vyandig teenoor mekaar gaan optree (Merril, Dunham, Rose & Tappan, 1950 : 405). "Positive interdependence produces positive intergroup attitudes, while negative intergroup attitudes (or prejudice) results from negative

interdependence.” Negatiewe intergroepeafhanklikheid (oorheersing en kompetisie) veroorsaak vooroordeel (Ashmore, 1970 : 254).

Mense sal eerder hulle houdings teenoor ander groepe ignoreer as om ekonomiese verlies te lei of vermindering in sosiale status te beleef. Dit is dikwels die mense wat beweer dat hulle nie vooroordeel koester teenoor ander groepe nie, wat in eksperimentele omstandighede die meeste vooroordeel toon. Hulle het dan ook geleer om hulle status te verdedig deur mense van ander bevolkingsgroepe “in their place” te hou (Bogardus, 1954 : 329).

Samevattend kan gestel word dat die sosiodinamiese verklarings van vooroordeel in gebreke bly om te verklaar waarom individue wat almal aan dieselfde sosiokulturele omgewing blootgestel is, nie almal dieselfde mate van vooroordeel openbaar nie (Viljoen, 1973 : 26).

2.5 Die psigodinamiese verklaringswyse

Die psigodinamiese verklarings neem die individue en hul psigiese behoeftes as die vertrekpunt vir die verklaring van vooroordeel. Hier word twee teorieë gestel, naamlik die frustrasie-aggressie-teorie wat ook bekend staan as die “sondebokteorie” en die “karakterstruktuur-teorie”.

2.5.1 Die frustrasie-aggressie-teorie

Vooroordeel kan beskou word as 'n tipe aggressie wat 'n respons is as gevolg van frustrasie. Wanneer mense se behoeftes nie bevredig word nie of as hulle handeling onderbreek word, sal hulle aggressief optree (Merril, et al. 1950 : 409). Verder toon navorsing dat 'n vyandige houding na teikens van teësin verplaas word. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat 'n persoon sy of haar vyandigheid verplaas na 'n bepaalde groep wanneer hierdie aggressie deur die persoon se eie groep goedgekeur word (Ashmore, 1970 : 270).

Die teiken van verplaaste aggressie moet gewoonlik aan sekere vereistes voldoen. Die “sondebok” kan 'n persoon of groep wees teenoor wie vooroordele gekoester word. Die “sondebok” is ook gewoonlik 'n persoon of groep wat te swak is om terug te veg wanneer aangeval word. Die keuse van groepe of individue as “sondebokke” dra verder dikwels die goedkeuring van die gemeenskap (Saenger, 1953 : 110).

In sy eenvoudigste vorm kom die frustrasie-aggressie-teorie daarop neer dat sodra 'n individu se pogings tot behoeftebevrediging gekortwiek word, ontstaan frustrasie wat vanweë die volgehoue blokkering in aggressie oorgaan. Indien hierdie aggressie nie deur middel van 'n direkte aanval ontlaai kan word nie, word dit op 'n sondebok oorgeplaas (Viljoen, 1973 : 27).

2.5.2 Die karakterstruktuurteorie

Hierdie teorie veronderstel dat vooroordeel 'n funksie van die basiese persoonlikheidsstruktuur van die mens is. Vanweë die hoë verwantskap tussen 'n outoritêre persoonlikheidsstruktuur en vooroordeel, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat vooroordeel 'n faset van die outoritêre persoonlikheidsstruktuur vorm (Viljoen, 1973 : 29).

Wetenskaplikes stem saam dat ouers 'n belangrike rol ten opsigte van die vorming van houdings van kinders teenoor ander groepe speel. Hierdie houdings word deur direkte observasie van ouers se aksies en woorde deur kinders aangeleer. Hierdie aksies en woorde kan op "uitgroepe" gerig wees of kan 'n bevel van die ouers wees om nie met kinders van ander groepe te speel nie. As rede word aangevoer dat hulle nie goeie mense is nie (Aboud, 1994 : 88).

Die outoritêre persoonlikheid ontstaan gewoonlik as gevolg van 'n dominerende vader en 'n straffende moeder. As volwassene herhaal hierdie individu die ervarings wat hy of sy by sy of haar ouers aangeleer het. So 'n persoon wil baasspeel en wil mense straf wat volgens hom of haar ongehoorsaam is (Sears; Freedman & Peplau, 1970 : 404).

Die outoritêre persoonlikheidsstruktuur is ontvanklik vir vooroordeel. Hierdie ontvanklikheid ontstaan weens die onvermoë om die gelykheid van alle mense te erken en die behoefte om verhewe te wees bo sekere mense (Saenger, 1953 : 125). Verder word die persoonlikheidsstruktuur wat op vooroordeel gebou is, gekenmerk deur die rigiditeit van denke, 'n behoefte aan definitiewe oplossings vir probleme en 'n onverdraagsaamheid teenoor enige onduidelikheid (Ashmore, 1970 : 276).

Bogenoemde teorieë bied wel 'n verklaring vir sekere etiologiese faktore van vooroordeel, veral ten opsigte van die individuele verskille wat daar in die vooroordele van 'n spesifieke etniese groep aangetref word. Die teorie bly egter in gebreke om 'n verklaring te bied waarom spesifieke groepe die tekenen van vooroordeel word en dit bied ook geen verklaring vir die bestaan van verskille in etniese vooroordeel tussen verskillende etniese groepe nie (Viljoen, 1973 : 32).

2.5.3 Die sosiaal-kognitiewe ontwikkelingsteorie

Die sosiaal-kognitiewe ontwikkelingsteorie veronderstel dat daar met 'n toename in ouderdom 'n verandering in die kognitiewe struktuur plaasvind wat dan verandering in die vlak van vooroordeel meebring. Die teorie word in drie stappe verduidelik, naamlik die affektiewe, persepsies en kognitiewe.

Die eerste stap beweer dat die kind deur emosies gedomineer word, dit wil sê die affektiewe proses. Vooroordeel word deur emosies en behoefte bevrediging bepaal. Kinders tussen nege en twaalf maande is bang vir vreemde mense. Wanneer die kind drie jaar oud is, sal die vrees vir vreemdelinge verminder. As die vreemdeling “anders” is, dan sal die kind weer bang word. Kinders is gelukkig wanneer hulle behoeftes bevredig word. Houdings in die eerste stap word deur vrees en vreugde bepaal.

In die tweede stap val die fokus op die persepsies van ander. Kinders neem die eendersheid en andersheid van mense waar. Die andersheid bepaal die vlak van vooroordeel.

In die derde stap word die kognitiewe begrip bespreek. Kinders begin die individuele kwaliteite in mense verstaan. Kinders kom tot die besef dat etniese verskille versoenbaar is. Dit is in hierdie stap waar kinders op inligting reageer wat die kognitiewe proses prikkel.

Die sosiaal-kognitiewe ontwikkelingsteorie beweer dat as gevolg van kognitiewe beperkings die jong kinders se bevooroordeeldheid onvermydelik is. As gevolg van die verskil in begrip van die sosiale wêreld om die kind, is daar ‘n verskil in die vooroordeel wat ‘n kind in die een ontwikkelingsfase toon teenoor ‘n ander ontwikkelingsfase (Aboud, 1994 : 23 - 27).

Gevolgtlik gaan daar na stereotypes gekyk word, omdat stereotypes net soos vooroordeel dikwels in die weg van goeie verhouding en begrip tussen verskillende bevolkingsgroepe staan.

2.6 Stereotypes

Volgens Viljoen (1973 : 45) is daar in die bestaande omskrywings van stereotypes nog geen universeel aanvaarde definisie nie. Hy voeg by dat sulke definisies geneig is om te rasionalisties van aard te wees, waardeur die ware komplekse aard van die verskynsel misken word.




‘n Kenmerk van menslike gedrag is die neiging om ander mense of groepe te tipeer.

“What people believe about another group of people defines their stereotype” (Triandis, 1971 : 103 - 104). Verder beskryf Ehrlich (1973 : 20) ‘n stereotype soos volg: “Stereotypes are a set of believes and disbelieves about any group of people”.

In resente jare het sielkundiges besef dat intergroepeverhoudings nie kan bestaan as lede van die groepe nie ‘n verwysingsraamwerk het nie - ‘n stereotype. Stereotypes is noodsaaklik vir enige sosiale interaksie. Dit is onmoontlik om alles van almal te weet. ‘n Stereotype is ‘n kortpad, ‘n wyse om kenmerke van ander persone of groepe te abstraher en dan volgens ‘n patroon van verwagtinge te organiseer. Die respons teenoor ander persone of groepe geskied dan volgens hierdie patroon van verwagtinge (Lindgren, 1973 : 279 - 280).

2.6.1 Die gevare van stereotypes

Stereotypes het sekere inherente probleme. Eerstens oorvereenvoudig stereotypes mense of groepe en is hulle meestal foutief in hulle beskouing van sodanige mense of groepe.. Ongelukkig sal mense selde of ooit die akkuraatheid van hulle stereotypes ondersoek. Tweedens oordryf stereotypes die verskille tussen groepe en minimaliseer hulle die verskille binne die groepe. Laastens word stereotypes gebruik om vooroordeel en diskriminasie teenoor lede van sekere groepe te regverdig (Sears; Freedman & Paplau, 1970 : 438).



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Verder benadeel stereotypes die persoon se vermoë om effektief met ander te funksioneer deurdat die stereotypes die persoon afleidings laat maak wat nie ooreenstem met die gedrag wat deur die teikenpersoon geopenbaar word nie (Lindgren, 1973 : 281). Volgens Triandis (1971 : 109 - 110) kan stereotypes tot swak oordeel lei. As daar gesê word dat 'n groep persone oor 'n sekere eienskap beskik, word daar aangeneem dat almal in daardie groep oor die eienskap beskik. Stereotypes oorbeklemtoon die eendersheid van lede van die ingroep en die groot uiteenlopendheid tussen die in- en uitgroep. Daar is ook 'n verband tussen die vyandigheid teenoor 'n groep en die stereotipering van dieselfde groep.

2.6.2 Die “kern van waarheid” waaroor stereotypes beskik

“One wonders how, with all the evidence so contradictory, the stereotype of ‘dishonest, lying, deceitful’ could have arisen. Through selective memory and sharpening these encounters were overgeneralised.” Hierdie soort stereotype het geen bepaalbare basis nie en is nie op feite gegrond nie. Ander stereotypes beskik moontlik oor ‘n “kern van waarheid”. Die geskiedenis toon dat dit waar is dat sekere Jode ten gunste van die kruisiging van Jesus was. Die stereotype oorbeklemtoon hierdie feit totdat die hele Joodse bevolking bekend staan as “Christ Killers”. Dus word sekere stereotypes deur feite ondersteun. Ander ontwikkel deur middel van “sharpening and overgeneralization of facts” (Allport, 1954 : 190).

Die akkuraatheid van stereotypes is in praktyk nie belangrik nie. Stereotipes kan wel oor ‘n “kern van waarheid beskik”. Hierdie siening word ondersteun deur die volgende sienswyses. Eerstens kom outostereotipes (konsensuele oortuigings betreffende sekere eienskappe wat aan die eie groep toegeken word) grootliks ooreen met heterostereotipes (konsensuele oortuigings betreffende sekere eienskappe wat aan die ander groep toegeken word). Hierdie eendersheid van stereotipering kan verduidelik word deur die “kern van waarheid”-siening of deur die siening dat ‘n groep mense die stereotypes wat ander groepe aan hulle koppel aanleer en dat outostereotipes ontwikkel wat daarby aanpas. Laasgenoemde verduideliking is egter onwaarskynlik. Kennis oor stereotypes is

onvoldoende om 'n keuse te kan maak uit die verklarings van eendersheid tussen outo- en heterostereotipes. Wat wel duidelik is, is dat die meeste van die verklarings suggereer dat stereotipes oor 'n "kern van waarheid beskik" en dat die proses begin deur observasie van werklike verskille in eienskappe. Hoewel stereotipes oor 'n "kern van waarheid" kan beskik en bewyse kan lewer van hulle geldigheid, kan getoon word dat stereotipes ook vals kan wees. Stereotipes gee dikwels ook aanleiding tot swak oordeel. As 'n groep 'n sekere eienskap openbaar, word aanvaar dat elkeen van daardie groep oor die eienskap beskik (Triandis, 1971 : 107 - 109).

Uit die literatuur blyk dit dat geen finale beskouing uitkristalliseer oor die wese van stereotipes nie. Die afwesigheid van aanvaarde geldige kriteria waarteen stereotipes getoets kan word, het inderdaad 'n groot vraagteken laat ontstaan oor die standpunt dat alle stereotipes oor 'n "kern van waarheid" beskik (Viljoen, 1973 : 52 - 53).

As gevolg van die negatiewe implikasies wat vooroordeel en stereotipes vir rasseverhoudings inhou, word daar nou na faktore gekyk wat 'n bydrae kan lewer tot die vermindering van vooroordeel en stereotipes.

2.7 Die vermindering van negatiewe vooroordele en stereotipes

Die meeste mense, selfs dié wat vooroordeel in hulleself herken, moet erken dat vooroordeel 'n negatiewe aspek in hulle eie kognitiewe struktuur is en in die gemeenskap waarin hulle lewe. Daar is redelik konsensus onder wetenskaplikes dat vooroordeel en stereotipes skadelik is en waar moontlik moet dit verminder en liefste uiteindelik uitgeskakel word (Cochrane & Carrol, 1991 : 134).

2.7.1 Opvoeding

Opvoeding is 'n natuurlike vyand van vooroordeel en stereotipes. Vooroordeel en stereotipes floreer op onkunde, daarom moet effektiewe opvoedingsprogramme ouers bereik wat houdings kan verander. Die programme moet nie idealisties wees nie en moet die strydigheid tussen beginsels en die praktyk vernou sodat interpersoonlike en intergroepverhoudings kan verbeter. (Lever, 1971 : 136 - 137).

Daar is aanduidings dat mense met 'n hoër vlak van opvoeding se houdings nie so rigied is soos mense met 'n laer vlak van opvoeding nie. Alhoewel daar twyfel bestaan oor die doeltreffendheid van skole as middel om vooroordeel en stereotipes te verminder, is daar bewyse dat kursusse wat spesifiek ontwerp is om intergroepverhoudings te verbeter, houdings kan verander (Ashmore, 1970: 338).

2.7.2 Propaganda

Propaganda kan beskryf word as die doelbewuste poging om houdings te verander deur middel van die massamedia (Lever, 1971 : 138). Propaganda is nie werklik effektief in die vermindering van vooroordeel en stereotipes nie, maar propaganda moet nie as 'n wapen teen vooroordeel en stereotipes opgesê word nie. Dit versterk die oortuigings van mense wat reeds positiewe houdings jeens ander groepe toon en kan houdings verder verbeter deurdat die verdraagsaamheid teenoor ander groepe verbeter (Ashmore, 1970 : 338).

2.7.3 Wetgewing



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

“You cannot legislate against prejudice.” Die doel van wetgewing is nie om by wyse van wetgewing vooroordeel en stereotipes te verminder nie, maar om gelyke geleenthede te verseker en diskriminasie te verminder. Hierdeur kan omstandighede vir almal verbeter. As gelyke geleenthede kan sorg vir beter lewenstandaarde, beter gesondheidsorg en opvoeding, dan kan die verbetering tot 'n vermindering in vooroordeel en stereotipes bydra (Allport, 1954 : 469 - 470).

2.7.4 Omgewing

Frustrasie wat deur die omgewing veroorsaak word, kan vooroordeel en stereotipes verder versterk. In tye wanneer werkloosheid hoog is en armoede heers, kan frustrasie groei en die neiging sal wees om aggressief op te tree (Cochrane & Carrol, 1991 : 137). In 'n omgewing waar dit moeilik gaan, behoort fisiese fasiliteite daargestel te word wat hierdie mense kan help. Goeie mediese fasiliteite, welsynsdienste, behuising en 'n doeltreffende vervoersisteem behoort daargestel te word om die frustrasie te verlig (Kinloch, 1974 : 219).

2.7.5 Kontak



2.7.5.1 Algemene oriëntasie

Suid-Afrika beleef tans op alle gebiede veranderinge. Hierdie veranderinge is betekenisvol in die politieke en sosiale vertakings en in 'n sin is dit fundamenteel in die verandering van houdings. Die sosiale sielkunde het dikwels aanvaar dat kontak tussen mense van verskillende rasse-groepe 'n verandering in verhoudings meebring. Verskeie hipoteses is voorgestel en gesamentlik staan die hipoteses as die "kontakhipotese" bekend. Die kontakhipotese kry uitdrukking in twee vorme. Die eenvoudigste vorm hiervan beweer dat kontak noodwendig aanleiding gee tot 'n vermindering in rasse stereotipering. Verpersoonliking vind plaas,


gemeenskaplikhede word ontdek en negatiewe stereotipes teëgewerk. Verskeie studies het getoon dat dié hipotese misleidend en vals is - kontak het geen effek tensy daar aan sekere voorwaardes voldoen word nie. Wanneer kontak aan daardie voorwaardes voldoen, voorspel die hipotese dat vyandigheid tussen groepe verminder sal word (Bradnum; Nieuwoudt & Tredoux, 1993 : 205).

Daar word soms beweer dat waar groepe mense saamgebring word ongeag ras, kleur of geloof, stereotipes afgebreek word en vriendelike houdings ontwikkel. Sommige sosioloë beweer dat waar mense van verskillende groepe saamkom, hulle deur sekere stadia in hulle verhouding gaan. Eerstens vind suiwer (sheer) kontak plaas, wat later aanleiding tot kompetisie gee, wat dan weer plek vir akkommodasie maak (Allport, 1954 : 261).

Van die vroeë navorsing het aangedui dat toenemende kontak vyandigheid, voóroordeel en stereotipes verminder. Van die oorsigte dui aan dat kontak alleen nie altyd voordelig is nie (Sears; Freedman & Peplau, 1970 : 409). Veral tot in die middel sestigerjare is die aanname dikwels gemaak dat kontak tussen verskillende groepe noodwendig tot 'n afname in stereotipes en negatiewe houdings sal lei. Resenter navorsing in die VSA, Israel en in 'n mate ook Australië en Suid-Afrika betwyfel egter vroeëre aannames en talle bewyse kan aangevoer word wat daarop

dui dat kontak tussen verskillende etniese groepe soms geen houdingsverandering teweeggebring het nie. Volgens Amir en Garti, (1977, soos aangehaal deur Thiele, 1988 : 126) kan kontak selfs stereotipes en negatiewe houdings verskerp en verstewig. Waar die gedagte dus aanvanklik was dat kontak *per se* positiewe houdingsveranderinge tot gevolg het, is daar mettertyd 'n hele reeks stipulasies en voorwaardes as deel van die kontakhipotese uitgespel (Thiele, 1988 : 125 - 126).

2.7.5.2 Suid-Afrikaanse navorsing oor die kontakhipotese



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Wat die plaaslike opset betref, kan drie vrae gevra word: Eerstens, of kontak 'n verandering in houdings meebring. Tweedens, watter toestande die voordeligste vir die verandering van houdings is, en laastens, of kontak in sekere situasies houdings verander en in welke mate dit na ander sosiale situasies veralgemeenbaar is. Russel (1961) het bevind dat kontak tussen wit, kleurling en Indiër wat in dieselfde woonbuurt woon, beide meelewendheid en groter verdraagsaamheid tussen groepe teweeggebring het. Spangenberg en Nel (1983) het bevind dat waar mense in situasies van gelyke status met kollegas werk, daar minder sosiale afstand is tussen die kollegas as by mense wat in situasies werk waar daar geen kontak is nie.. Mynhardt (1980) het in sy navorsing met 289 wit leerlinge teenstrydige resultate ondervind wat hul houding teenoor

swart leerlinge betref. Die wit studente van katolieke hoërskole wat deurentyd in kontak met mede swart studente was, het meer negatiewe rassistiese houdings geopenbaar as hoërskoolleerlinge wat geen kontak met swart leerlinge gehad het nie. Watson (1970) het bevind dat kontak tussen wit- en kleurlinghoërskoolleerlinge in 'n skool in Johannesburg 'n verbetering in houdings meegebring het. Luiz en Krige (1981) het ook ondervind dat kontak houdings tussen groepe verbeter. Opsommend kan gesê word dat die positiewe effek van kontak tussen groepe in Suid-Afrika verdag is. Foster en Finchelescu (1986) beweer: "... in a deeply divided social structure, riven by a long history of conflict and power imbalance, social identity penetrates the personal sphere to such an extent that interpersonal contact *per se*, even under most favourable conditions is not likely to alter substantially established social relations".

By die skool waar die studie plaasgevind het, word die kontak as semi-gestruktureerd (blootstelling) gesien. Daar was nie voorskrifte gevolg om kontak te struktureer nie. Gevolglik word daar na blootstelling gekyk as 'n faktor wat 'n bydrae tot die vermindering van vooroordeel en stereotipes kan lewer.

2.7.6 Blootstelling

2.7.6.1 Algemene blootstelling

Dit word verkeerdelik aanvaar dat indien mense van verskillende bevolkingsgroepe aan mekaar blootgestel word, empatie tussen die groepe vir mekaar sal verbeter. Bewyse toon dat blootstelling eerder empatie tussen persone of groepe vertroebel (Lindgren, 1973 : 289). Verdere bewyse toon dat blootstelling aan ander bevolkingsgroepe min uitwerking op die houdings van mense toon. Blootstelling verander normaalweg nie vooroordeel en stereotipes nie.

Blootstelling is gewoonlik effektief in die vermindering van vooroordeel en stereotipes indien die blootstelling interpersoonlike of intergroepkontak bewerkstellig.

Spesifieke navorsing werp ook lig op die saak. Sosiale gedrag in 'n multikulturele skool het duidelik gedemonstreer dat blootstelling nie groter interaksie tussen groepe meebring nie. Katz en Zalk (1978) het naamlik agt- en elfjaar oue wit leerlinge gevra om met ander gesamentlik aan 'n legkaart te werk. Die groepe het uit vier leerlinge bestaan. Sommige groepe het uit vier wit leerlinge bestaan en sommige groepe uit

twee wit en twee swart leerlinge. Alhoewel die leerlinge aangespoor is om saam te werk, het die wit leerlinge nie veel interaksie met die swart leerlinge getoon nie. 'n "Na-toets" van die wit leerlinge wat met die swart leerlinge gewerk het, wys nie 'n verandering in vooroordeel en stereotipes nie. Geen interpersoonlike of intergroep kontak het plaasgevind nie.

Alhoewel blootstelling nie noodwendig interpersoonlike of intergroepkontak bewerkstellig nie, skep dit tog 'n multikulturele etos. Volgens Van der Walt (1994) vorm die skool die vernaamste samelewingsverband in die implimentering van multikulturele onderwys. Die skool moet so hervorm word dat die grondslae en oogmerke van multikulturele onderwys daarin geïmplementeer word. Die skool moet ruimte bied vir verskillende kulture, asook kruiskulturele blootstelling sodat waardering en eerbied vir verskillende kulture mag groei. In die skool moet daar aan die harmonie geoefen word wat daar tussen verskillende kultuurgroepe moet wees.

In 'n multikulturele skool waar verskillende groepe aan mekaar blootgestel word, word 'n groot deel van die opvoeding aan sosiale verhoudings gewy. (Verhoudings tussen onderwysers, leerlinge, onderwyser en leerlinge.) Dit is inderdaad deur middel van blootstelling dat verskillende groepe meer verdraagsaamheid openbaar en sensitief teenoor ander groepe se behoeftes is (Davey, 1994 : 143).

2.7.6.2 Multikulturele blootstelling

Multikulturele onderwys word deur Leicester (1989 : 23) soos volg geïnterpreteer:

- Opvoeding deur kulture.
- Opvoeding in verskeie kulture.
- Opvoeding vir 'n multikulturele samelewing.

Multikulturele onderwys bied 'n opvoeding wat van verskillende metodes en onderrigmateriaal gebruik maak. 'n Hoë akademiese standaard word in 'n omgewing gehandhaaf wat die potensiaal van elke leerder respekteer (Swartz, 1992 : 34).

Alhoewel die meeste onderwysers gretig is om begrip vir kulturele diversiteit te promoveer en die belangrikheid van die materiaal wat gebruik word om die doel te bereik besef, is dit belangrik dat die onderwyser begryp dat dit alleenlik nie voldoende is om sukses te behaal nie. As doeltreffende leer moet plaasvind, moet daar ook na 'n etos wat leerder tot samewerking en leer inspireer, gekyk word (Baker, 1995 : 22).

Die belangrikste doel van 'n multikulturele skool is om die skool se etos so te verander dat die leerders van alle bevolkingsgroepe gelyke opvoedingsgeleenthede ervaar. Die volgende beginsels van multikulturele onderwys kan 'n bydrae lewer om die doel te bereik:

- Inligting oor verskillende etniese groepe moet aan die leerders oorgedra word.
- Kursusse en studies moet aangepas word om te verseker dat leerders van alle groepe 'n gelyke opvoeding ontvang.
- Multikulturele onderwys erken dat kultuurdiversiteit 'n feit in Suid-Afrika is en poog om die verskille tussen kulture te behou.
- Multikulturele onderwys berei die individu voor vir die sosiale realiteite wat die laasgenoemde gaan ervaar in die komplekse menslike ontmoetings.
- Multikulturele onderwys moedig verhoudings tussen verskillende groepe aan.
- Dit poog om gemeenskaplike behoeftes en waardes te identifiseer en om 'n kurrikulum daar te stel wat aan die behoeftes voldoen.

(Davey, 1994 : 141 - 143)

Verder identifiseer Lynch (1986 : 83) die volgende beginsels wat deur die personeel van 'n skool gevolg kan word om harmonie tussen die verskillende groepe te bewerkstellig:

- Al die leerders en onderwysers moet met waardigheid behandel word en elkeen moet die gevoel beleef dat hulle kultuur gerespekteer en as waardevol beskou word.
- Al die leerders moet gelyke geleenthede geniet.
- Die verskillende agtergronde van die leerders moet in die skool gereflekteer word.
- Die kurrikulum moet die verskillende kulture in die RSA reflekteer.
- Ope gesprek tussen verskillende groepe moet by die skool plaasvind.
- Alle gevalle van rassekonflik moet ondersoek word.
- Die gebruik van die skoolterrein deur rassistiese groepe of die verspreiding van rassistiese literatuur moet verbied word.

Volgens Banks (1993 : 12) moet daar 'n demokratiese klimaat in die klaskamer geskep word. Leerders moet die klaskamer as 'n forum beleef waar die sienswyse van ander groepe gewaardeer en gerespekteer word. Slegs 'n breë en liberale multikulturele opvoeding kan leerders vir die toekomstige wêreld voorberei.

Opsommend kan gesê word dat multikulturele blootstelling dit ten doel stel om mense te leer om van mekaar te hou sonder om eenders te word.

As 'n skool vir leerders van alle bevolkingsgroepe gelyke opvoedingsgeleenthede bied en 'n demokratiese atmosfeer skep waar die sienswyse van alle groepe waardeer en gerespekteer word, dan behoort die sosiale klimaat gunstig te wees om intergroepverhoudings te bevorder.

2.7.7 Faktore wat intergroepverhoudings kan bevorder

Intergroepverhoudings kan voordelig wees wanneer die volgende toestande heers:

- Die aanvanklike houdings van die intergroepe moet nie buitengewoon negatief wees nie. Hoe minder die groepe se sienings van mekaar gepolariseerd is, hoe groter die moontlikheid dat positiewe verandering kan plaasvind.
- Die kontak tussen groepe moet intiem wees sodat die groepe mekaar werklik kan leer ken en die stereotipe wat toegeken is, bevraagteken kan word.
- 'n Situatie moet geskep word waar die groepe gesamentlike na 'n gemeenskaplike doel streef.
- Die kontak moet op 'n grondslag van gelyke status plaasvind.
- Die individue wat die groepe verteenwoordig, moet oor 'n ooreenstemmende waardesisteen beskik.

- Die sosiale klimaat moet gunstig wees om intergroepverhoudings te bevorder.

(Cochrane & Carrol, 1991 : 136 - 137)

Verder kan intergroeptkontak ook vyandigheid tussen groepe verminder indien dit aan die volgende drie vereistes voldoen:

- Die interaksie tussen die mense moet intiem wees, wat nie dikwels tussen mense in skole of werkplekke geskied nie.
- Daar moet 'n interafhanklikheid wees tussen groepe - daar moet gesamentlik aan 'n gemeenskaplike doel gewerk word.
- Die kontak moet op die grondslag van gelyke status plaasvind.

(Sears; Freedman & Peplau, 1970 : 411)

Volgens Ashmore (1970 : 339) is die sleutel tot die vermindering van vooroordeel en stereotypes intergroep, afhanklikheid. Hierdie afhanklikheid vergemaklik die "unlearning mechanisms" (d.i. die afbreek van vooroordeel en stereotypes en die afleer van valse oortuigings). "Shared coping" verminder intergroep vyandigheid want dit bevorder die vorming van vriendskappe tussen lede van verskillende bevolkingsgroepe.

Eksperimente en observasies toon dat waar groepe saamwerk om 'n doel te bereik, gunstige houdings tussen lede van die groepe ontstaan het. Wat belangrik is as groepe saam moet werk om 'n doel te bereik, is dat die bydrae van elke lid

noodsaaklik moet wees om die doel te bereik. Hierdeur word elke lid betrek en vyandigheid tussen groepe verminder (Secord & Backman, 1964 : 446)

2.7.8 Faktore wat interpersoonlike verhoudings kan bevorder

Een persoon kan 'n ander beïnvloed tot die mate dat die een die ander as betroubaar, aantreklik en magtig beleef. Vir die jonger kind toon hulle ouers al dié eienskappe, daarom is die ouer die belangrikste middel tot die vorming van die jongeling se houdings. Later in die kind se lewe sal sy/haar maats die aantreklikste wees en sal hulle die grootste rol in die vorming van houdings speel. Na dié fase sal die massamedia 'n rol in die vorming van houdings begin speel. Houdings kan deur direkte ervarings aangeleer word, maar die meeste houdings word deur ander mense aangeleer (Triandis, 1971 : 129).

2.7.9 Samevatting met die oog op die verdere studie

Dit word algemeen aanvaar dat wanneer daar kontak tussen mense van verskillende bevolkingsgroepe is, die groepe tot die besef kom dat hulle meer in gemeen het as wat hulle verwag het. Dit behoort 'n vermindering van vooroordeel en stereotipes tot gevolg te hê. Bewyse toon dat dit nie altyd die geval is nie en dat kontak tussen die groepe onder sekere omstandighede vooroordeel en stereotipes aanhits (Aboud, 1988 : 81).

Die meeste studies wat by skole onderneem is, onderskei tussen hoë en lae kontak skole in terme van die ratio tussen die leerlinge van verskillende groepe. Die resultate van die studies moet meestal eerder gesien word as die effek van blootstelling en nie gestruktureerde kontak nie. In 'n multikulturele skool waar die ratio 80 : 20 (tagtig persent wit en twintig persent swart of omgekeerd) is tussen leerders, sal die leerders meer van die statusverskille tussen die groepe bewus word. Waar die ratio 50 : 50 is of baie naby daaraan, gaan leerders die geleentheid kry om mekaar beter te leer ken. Wanneer individue mekaar beter leer ken, gaan die statusverskille en opvallendheid van die ander groep verminder (Aboud, 1988 : 81-82).



Die probleem is egter dat soveel faktore die ratio van leerders by 'n skool bepaal dat dit op geen manier gemanipuleer kan word om 'n 50 : 50 verhouding te bewerkstellig by elke multikulturele skool in die land nie, daarom moet daar met die oog op verdere studie na ander strategieë gekyk word wat interpersoonlike en intergroepverhoudings tussen verskillende groepe kan verbeter.

Ten slotte word daarop gewys dat die faktore wat hierbo aangevoer word en volgens die kontakhipotese 'n positiewe uitwerking op houdings en stereotipes behoort te hê, grotendeels in Suid-Afrika afwesig is, veral wat kontak met die nie-blankes betref. So kan daar aangedui word dat die aanvanklike negatiewe houdings, stereotipes en kontaksituasies eerder versterk en herbevestig is as wat hulle verander het (Thiele, 1988 : 141 - 142).

HOOFTUK 3

METODE VAN DIE ONDERSOEK

3.1 Inleiding

Hierdie deel van die studie is 'n ondersoek wat die aard van blootstelling as 'n soort kontak tussen kinders van verskillende bevolkingsgroepe in 'n spesiale skool van nader beskou. Dit is 'n gevallestudie wat die navorsingsprobleem kwalitatief benader. Die gegewens is deur middel van observasies, vraelyste en onderhoude ingewin.

3.2 Beskrywing van subjekte

Die skool waar die ondersoek plaasvind, is een van drie spesiale skole in die Pretoria omgewing. Die kinders in hierdie skool is almal leerlinge wat nie in die hoofstroom-onderwys kan vorder nie. Verskeie redes kan aangevoer word waarom die leerlinge nie in die hoofstroomonderwys kan vorder nie, maar die algemeenste rede is 'n leergestremdheid. Die skool bestaan uit ongeveer seshonderd leerlinge, waarvan seuns vierhonderd en twintig uitmaak en dogters honderd en tagtig. Enkele dogters is van ander bevolkingsgroepe. Daar is tussen tagtig en negentig swart seuns en min of meer tien kleurling seuns in die skool. Die kinders se getalle wissel gedurig omdat die leerlinge baie tussen skole wissel (ouers wat trek) en nie pligsgetrou skool bywoon nie. Gedurende Januarie 1995 het die eerste leerlinge van ander bevolkingsgroepe by die skool ingeskryf.

Aanvanklik was die situasie vreemd vir beide die leerlinge en onderwysers. Rassevoorvalle was aan die orde van die dag. Hierdie voorvalle het aanleiding gegee tot die studie. Intussen het die situasie in die skool verander. Rassevoorvalle is beperk tot die minimum en 'n rustige klimaat wat leer bevorder, heers in die skool. Die navorser het observasies gemaak van die leerlinge oor 'n tydperk van vyf dae met die doel om te bepaal wat die verhoudings tussen leerlinge van verskillende bevolkingsgroepe is. Verder het die navorser besluit om die observasies gedurende pouses te maak omdat hy al die leerlinge kan observeer (totaliteit) en ook omdat leerlinge gedurende pouses natuurlik optree en die tyd verwyd met dié leerlinge met wie hulle graag wil kommunikeer.

Die eerste strategie wat die navorser toegepas het, was om vyf leerlinge by 'n fokusgroeponderhoud te betrek. Die vyf leerlinge wat by die fokusgroeponderhoud betrokke was, is almal leerlinge wat van Januarie 1995 in die skool was. Die leerlinge is geselekteer omdat hulle skolasties redelik sterk is en omdat hulle, buiten die swart leerling, ook in die skool was vir een jaar of langer voordat dit 'n multikulturele skool geword het.

Die tweede strategie wat die navorser toegepas het, was om leerlinge te selekteer om vraelyste te voltooi. Die leerlinge wat die vraelyste voltooi het, is ook almal seuns. Die rede hiervoor is dat daar baie min dogters van ander bevolkingsgroepe in die skool is. 'n Ander rede is dat die dogters wat wel aan ander bevolkingsgroepe behoort in die laer klasse is en nie op 'n betroubare wyse die vraelyste sou kon voltooi nie. Vyftien seuns is geselekteer om die vraelyste te voltooi, waarvan tien wit, vier swart en een kleurling

was. Al die seuns is leerlinge in kursus agt, nege of tien en almal is skolasties redelik sterk wat dus die betroubaarheid van die vraelyste verhoog.

3.3 Navorsingsmetodes

3.3.1 Kwalitatiewe navorsing

In kwalitatiewe navorsing val die klem onder andere op 'n diepgaande ontleding van 'n probleem met die oog op volledige begrip van die wat en waarom van menslike handeling. Om dié rede word deelneming van die subjek aan die ondersoek noodsaaklik geag (Smith, 1990 : 31).

Die respondente is geobserveer om vas te stel op welke wyse hulle betekenis aan sosiale situasies toeken. Verder is kwalitatiewe navorsing nie op 'n stel vaste en rigiede prosedures gegrond nie. Nietemin het die navorser egter 'n stel strategieë en tegnieke nodig ten einde te organiseer, te beheer en te evalueer (Landman, 1988 : 17).

Hierdie benadering is ook 'n kreatiewe wetenskaplike proses wat baie tyd in beslag neem en kritiese denke benodig sowel as emosionele en intellektuele energie tap. Die navorser moet die behoefte hê om die betekenis van menslike gedrag te begryp en te verduidelik. Kwalitatiewe navorsing is nie slordige, ongedissiplineerde, sagte navorsing nie, maar kreatiewe studie op sy beste (Leedy, 1993 : 140).

3.3.1.1 Voordele van kwalitatiewe navorsing

- Kwalitatiewe data fokus op die natuurlike gebeurtenisse in die natuurlike omgewing. 'n Gevoel vir die "ware lewe" word dan sodoende verkry.
- Data word in die onmiddellike omgewing versamel eerder as oor 'n foon of deur middel van die pos.
- Die fokus is op 'n spesifieke geval.
- Kwalitatiewe data fokus op lewenservarings en is geskik om die betekenis wat mense aan gebeurtenisse, persepsies en strukture gee, vas te stel.

(Miles & Huberman, 1994 : 10)

3.4 Navorsingstrategie

Hierdie studie vind by 'n skool plaas om sekere gevalle grondig te bestudeer, daarom is van die gevallestudie-navorsingstrategie gebruik gemaak.

3.4.1 Gevallestudie

'n Gevallestudie is 'n detailbeskrywing van 'n persoon, gebeure, inrigting of gemeenskap met die oog op die bekendmaking van nomotetiese kennis

(Landman, 1988 : 10 - 11). 'n Verdere doel van die gevallestudie is om faktore wat aanleiding tot die huidige gedrag gee te bepaal (Gay, 1976 : 137).

Anders as die navorsers wat veranderlikes manipuleer om vas te stel wat hulle werking is of wat gestandaardiseerde vrae aan groot groepe individue vra, observeer die gevallestudienavorser karaktertrekke of eienskappe van 'n individuele eenheid - 'n kind, 'n klas, 'n skool of gemeenskap. Die doel van die observasie is 'n diepgaande studie en intensiewe analise van verskeie faktore wat die leefstyl van die eenheid beïnvloed (Cohen & Manion, 1989 : 124 - 127).

3.5 Beskrywing van navorsingsinstrumente

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

3.5.1 Observasies

Observasies is die mees basiese en direkte metode om gedragsdata te bekom. Die eerste stap is om die gedrag wat relevant vir die navorsing is en daarom geobserveer is, te identifiseer (Burroughs, 1971 : 94 - 96). Observasie is ook vir baie navorsers die beste tegniek om beskrywende data te verkry want observasies kan 'n gebeurtenis in totaliteit "opneem" (Dyer, 1979 : 175 - 176).

3.5.1.1 Gedrag wat geobserveer kan word

Die reeks verskynsels wat geobserveer kan word, is baie groot. Daar is normaalweg vyf tipes gedrag wat geobserveer word:

- i) **Handelinge:** Handelinge is kort van duur - net 'n paar sekondes of minute. 'n Voorbeeld van handelinge is nie-verbale gedrag (gesigsuitdrukkinge, liggaamsbewegings ens) en linguistiese gedrag.
- ii) **Aktiwiteite:** Aktiwiteite verwys na die optrede van groepe of individue wat oor dae, weke of maande geobserveer word.
- iii) **Betekenis:** Dit verwys na verbale gedrag wat menslike gedrag interpreteer eerder as om die gedrag te beskryf. Betekenisse verwys na norme, reëls, waardes, stereotipes en interpretasies van wêreldsienings.
- iv) **Deelneming:** Die individu se betrokkenheid in die observasie om "persoonlike tipe" te identifiseer.
- v) **Verhoudings:** Dit verwys na interverhoudings tussen groepe mense.

Dit is verder belangrik dat die totale sosiale gebeurtenis beskryf kan word (Dyer, 1979 : 176).

In hierdie ondersoek was die doel om verhoudings tussen groepe te bepaal daarom word die interverhoudings tussen groepe sowel as die totale sosiale gebeurtenis geobserveer.

3.5.2 Die vraelys

Vraelyste was ook in die ondersoek gebruik om meer inligting van individue (leerlinge) se gevoelens teenoor leerlinge van ander bevolkingsgroepe te verkry.

Omdat die vraelys soveel voordele inhou, word geskat dat meer as die helfte van alle navorsing in die opvoedkunde van die vraelystegniek gebruik maak. Die vraelys is as instrument reeds sedert 1839 gebruik. G. Stanley Hall van die V.S.A. het in 1880 die vraelys as instrument in opvoedkundige navorsing gebruik. As dit reg gekonstrueer en geadministreer word, is dit steeds die aanvaarbaarste



instrument om inligting uit wydverspreide bronne te verkry (Behr, 1983 : 150). Die uitleg van die vraelys is net so belangrik as die bewoording van die vrae. Die ontwerp van 'n vraelys is afhanklik van die respondente en die doel van die ondersoek. 'n Algemene reël is egter dat die vraelys eenvoudig moet wees met genoeg plek vir terugvoering (Kane, 1985 : 73 - 74).

3.5.2.1 Vraelysontwerp

Die vraelys wat in die studie gebruik was, is so ontwerp dat die leerlinge in 'n spesiale skool dit sal kan beantwoord. Die leerlinge moes tien geslote vrae beantwoord en moes slegs 'n regmerk (✓) in die geskikte

blokkie maak. Vyftien respondente het aan die ondersoek deelgeneem. 'n Kodenummer is aan elke respondent toegeken. Die kode en naam van die respondente is op 'n meesterlys aangebring. Daar was geen plek op die vraelys waarin respondente hul name kon skryf nie; slegs 'n kodenummer is in die regterhoek van die vraelys aangebring.

3.5.3 Onderhoude

Die doel van die kwalitatiewe navorsingsonderhoud is om 'n beskrywing te verkry van die leefwêreld van die persoon met wie die onderhoud gevoer is en om sy of haar interpretasie van die voorgeskrewe verskynsel te verkry. Tegnies is die kwalitatiewe navorsingsonderhoud "semigestruktureer" - dit is nie 'n gestruktureerde vraelys nie. Die onderhoud fokus eerder op 'n sekere tema as op bepaalde vrae. Dit word op band opgeneem en getranskribeer (Kvale, 1983 : 173 - 174). As die onderhoud deur 'n uitgeslape, versigtige onderhoudvoerder gelei word, is dit 'n magtige instrument om inligting te bekom (Goode & Hatt, 1952 : 185).

3.5.3.1 Kenmerke van 'n goeie onderhoud

'n Goeie onderhoud is eerder 'n vriendelike gesprek as 'n kruisondervraging. Die onderhoudvoerder is dikwels net 'n geïnteresseerde luisteraar wat die respondent aanmoedig om te praat en

moet aan die respondent kan toon dat hy of sy die gevoel van die respondent oor 'n saak begryp. Deur insiggewend te luister, kan die onderhoudvoerder analiseer en interpreteer wat gesê word. Die taktvolle onderhoudvoerder sal ook nooit die respondent aanjaag nie, maar hom of haar toelaat om sy eie pas te volg. Die belangrikste is seker dat die onderhoud data moet verskaf wat lig op die navorsingsprobleem kan werp (Dean, 1954 : 237 - 238).

In hierdie ondersoek vind drie onderhoude plaas: eerstens met die Adjunkhoof, tweedens met die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding en derdens met 'n fokusgroep. Die rede waarom die onderhoude met die Adjunk en Departementshoof: Opvoedkundige Leiding gevoer is, is omdat genoemde twee persone daaglik al die probleemgevalle in die skool hanteer. Hulle dra die kennis om te kan bepaal of die verhouding tussen leerlinge verbeter het en of rassegeweld afgeneem het. In die fokus groeponderhoude is kinders gebruik wat in die skool was vanaf die eerste dag wat die skool 'n multikulturele skool geword het. Inligting is by die leerlinge ingewin om te bepaal of die houdings van leerlinge in die skool verander het.

3.5.3.2 Fokusgroeponderhoud

Die groeponderhoud bestaan uit die onderhoudvoerder en die respondente. Die voordeel van hierdie tipe onderhoud is dat die respondente hoor wat die ander se inhibisies is en dan makliker oor sy of haar behoeftes en probleme kan praat. Die gesprek help die respondente om hul eie opinies en idees te ontwikkel (Borg, 1963 : 231).

Cohen en Manion (1989 : 324) wys daarop dat die fokusgroeponderhoud verskil van ander tipes onderhoude deurdat

- die respondente betrokke is in 'n partikulêre situasie; in dié geval is hulle deelnemers in 'n sosiale situasie,
- die navorser reeds 'n hipotese gestel het ten opsigte van die verskynsels in die situasie,
- die navorser die belangrikste elemente in die ondersoek identifiseer en die relevante data deur middel van die onderhoud verkry,
- die onderhoud op die subjektiewe ervarings van die persone betrokke by die ondersoek fokus.

3.6 Interpretering van data

Data het geen waarde as dit slegs data is nie. Terwyl die versameling van data sekerlik 'n nodige aspek van navorsing is, is dit nie die doel waarvoor navorsing onderneem word nie. Die doel van navorsing is om probleme op te los (Leedy, 1980 : 163).

3.6.1 Prosessering van observasiedata

Lofland (soos aangehaal deur Cohen & Manion, 1989 : 131) gee die volgende wenke oor die opname van veldnotas:

- Noteer die notas so gou moontlik na die observasie omdat 'n mens oor 'n lang tydperk al hoe meer vergeet.
- Dissiplineer uself om notas vinnig af te neem en maak vrede met die feit dat die notering van observasies net solank kan neem as wat die observasies neem.
- Om te dikteer is meer aanvaarbaar as om te skryf as dit bekostig kan word, maar skryf het die voordeel dat dit die gedagtes beperk.
- Maak ten minste twee kopieë van die veldnotas.
- Skryf of dikteer die veldnotas so volledig moontlik.

Die navorser het alles wat hy geobserveer het, neergeskryf om te verseker dat 'n volledige beeld van die situasie verkry is. Die notas is direk na die observasies neergeskryf. 'n Paar kopieë van die notas is gemaak om te verseker dat die inligting nie verlore gaan nie.

3.6.1.1 Analise van data

Analise van die data verkry deur observasie word dikwels deur die navorser gedoen. Met ongestruktureerde tegnieke word die vorm en inhoud van die finale beskrywing en interpretasie grootliks deur die observeerder en navorser beïnvloed wat gewoonlik dieselfde persoon is. Verder sal dit selde of nooit gebeur dat die velnotas gereduseer en geïnterpreteer word deur 'n persoon anders as die navorser self nie, wat die moontlikheid verminder dat alternatiewe analises uitgevoer en interpretasies gedoen sal word (Dyer, 1979 : 181).

In hierdie studie is die observeerder ook die navorser en het hy die veldnotas gereduseer en geïnterpreteer.

3.6.2 Prosessering van vraelysdata

Die taak van die navorser is nou om die data wat hy verkry het te verminder. Datavermindering soos die proses genoem word, bestaan uit kodering in voorbereiding vir analises. Eerstens is die vraelyste gekontroleer.

3.6.2.1 Kontrole van vraelyste

Reduksiewerk van die vraelyste is gedoen om foute wat die navorser of respondente gemaak het, te identifiseer en te elimineer:

- Volledigheid - 'n kontrole om seker te maak dat daar 'n antwoord vir elke vraag is.
- Akkuraatheid - sover moontlik is gekontroleer of al die vrae beantwoord is.
- Eenvormigheid - 'n kontrole is gedoen om vas te stel of die respondente dieselfde begrip vir die instruksies en vrae toon (Cohen & Manion, 1989 : 116 - 117).

Die leerlinge het die vraelyste in die kantoor van die navorser voltooi. Dit het die navorser die versekering gegee dat

- die vraelys deur die betrokke leerling voltooi is en nie deur iemand anders nie,
- onduidelikhede onmiddellik opgeklaar kon word omdat die navorser teenwoordig was,
- geen vraelys verlore raak nie,
- die navorser met die inneem van die vraelyste onmiddellik kon kontroleer of al die vrae beantwoord is.

3.6.2.2 Kodering

Die vraelys wat in die ondersoek gebruik is, het uit tien geslote vrae bestaan. Die leerlinge moes slegs 'n regmerk (✓) in die toepaslike blokkie maak. Vir elke positiewe antwoord ('n antwoord wat 'n positiewe

houding openbaar teenoor ander bevolkingsgroepe) is 'n punt toegeken. 'n Negatiewe antwoord het geen punte verdien nie, en op dié wyse is 'n finale punt uit tien toegeken.

3.6.3 Prosessering van onderhouddata

Die navorser het hierdie onderhoude op band opgeneem, gereduseer en geanaliseer.

3.6.3.1 Analise van onderhoude

Die navorser het verskeie kere na elke onderhoud wat op band opgeneem is, geluister. Hy het self die kern van die onderhoude geïnterpreteer en getranskribeer.

3.6.3.2. Betroubaarheid

Triangulasie is 'n strategie wat die kwaliteit van navorsing, veral die betroubaarheid daarvan verbeter. Die idee van triangulasie is gebaseer op die konvergensie van veelvoudige perspektiewe vir 'n gemeenskaplike bevestiging van data. Dit is om te verseker dat alle aspekte van 'n verskynsel aan ondersoek blootgestel is. Die algemeenste triangulasie metode is die metode waarby data wat op verskillende wyses bekom is, vergelyk word (vraelyste, onderhoude en observasies) (Krefting, 1990 : 219).

Die groepsonderhoud sal enige ander navorsingsmetode wat gebruik word, komplementeer. Dit sal aan die een kant die data wat deur middel van formele metodologiese tegnieke verkry is, trianguleer deur dit aan verskillende perspektiewe bloot te stel (Frey & Fontana, 1993 : 24).

Die navorser het in die studie van triangulasie gebruik gemaak om die betroubaarheid van die data wat verkry is, te verbeter. Die data wat verkry is by wyse van 'n literatuurstudie, onderhoud, vraelyste en observasies is saamgevoeg en vergelyk om sodoende die betroubaarheid van die data te verbeter.



HOOFSTUK 4

BEVINDINGE

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die bevindinge wat die drie navorsingsinstrumente, naamlik observasies, vraelyste en onderhoude, opgelewer het, bespreek.

4.2 Bevindinge

4.2.1 Observasies



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Die observasies van die leerlinge het die volgende resultate gelever:

- Leerlinge van al die bevolkingsgroepe in die skool (wit, swart en kleurling) het pouses deurgebring sonder dat enige voorval plaasgevind het. Minimum toesig het geskied.
- Die groter (ouer) leerlinge het groepies, bestaande uit twee tot tien leerlinge gevorm.
- Die groepies het bestaan uit leerlinge van min of meer dieselfde ouderom en van dieselfde bevolkingsgroep.
- Slegs een groepie van vier seuns het verskil in dié sin dat die groepie uit drie wit en een swart leerling bestaan het. Hierdie groepie het so vir die volle duur van die observasies gebly.

- Die jonger leerlinge het op die rugbyveld gehardloop. Die speletjies wat hulle gespeel het, het leerlinge van alle bevolkingsgroepe ingesluit.
- Die dogters het ook homogene groepies gevorm.

Volgens Elkin en Handel (1989 : 178 - 179) begin die speletjies by jonger kinders deur sekere reëls te volg. Twee of drie kinders kry die idee, dan begin hulle ander bymekaarmaak vir die speletjie. Die speletjies by die skool het ook so ontstaan. Leerlinge (jonger) van alle bevolkingsgroepe het aan die speletjies deelgeneem.

4.2.2 Vraelys



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Die vraelys het uit tien vrae bestaan. Elke vraag wat op so 'n wyse beantwoord was dat dit 'n positiewe houding teenoor ander bevolkingsgroepe toon, het een punt verdien. 'n Vraag wat so beantwoord is dat dit 'n negatiewe houding teenoor ander bevolkingsgroepe toon, het geen punte verdien nie.

Die vraelyste het die volgende resultate gelever:

- Die gemiddelde punt vir al die leerlinge wat die vraelyste voltooi het, was sewe uit tien.
- Die gemiddelde punt vir die tien wit leerlinge wat die vraelyste voltooi het, was sewe uit tien.
- Die gemiddelde punt van die vier swart seuns en een kleuring seun was 7,4 uit tien.

4.2.3 Onderhoude

4.2.3.1 Onderhoud met die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding

Die respondent het gevoel dat die verdraagsaamheid van die leerlinge teenoor ander bevolkingsgroepe verbeter het, maar dat intergroepverhoudings nie verbeter het nie. Verder het die respondent uitgewys dat die leerlinge homogene groepe vorm wat met die observasies ooreengestem het. Die respondent het erken dat rassevoorvalle baie minder as voorheen voorgekom het.

4.2.3.2 Onderhoud met die Adjunkhoof

In hierdie onderhoud is die groeppvorming van verskillende bevolkingsgroepe weereens bevestig. Die respondent het daarop gewys dat wanneer die leerlinge móés, hulle goed kon saamwerk, soos in die klas of sentrum. Die respondent het ook gevoel dat kontak tussen die groepe nie intergroepverhoudings verbeter het nie.

4.2.3.3 Fokusgroeponderhoud

Hierdie instrument was nie 'n geskikte navorsingsinstrument om inligting van leerlinge van 'n spesiale skool te verkry nie. Sodra die bandmasjien

aangeskakel is, was die leerlinge teruggetrokke, het hulle sag gepraat en sonder selfvertroue opgetree. Volgens die leerlinge het die houdings van leerlinge teenoor ander bevolkingsgroepe verbeter. Hulle het tot die besef gekom dat mense van verskillende bevolkingsgroepe moet saamleef. Die algemene resultaat is 'n positiewe houding teenoor mense van ander bevolkingsgroepe.

4.3 Samevatting

Die bevinding dui aan dat daar 'n groter aanvaarding tussen die groepe in die skool ontstaan het. Die leerlinge is meer verdraagsaam en rassevoorvalle is tot 'n minimum beperk. Blootstelling tussen die verskillende groepe het egter nie intergroepevorming verminder nie. Die leerlinge vorm steeds homogene groepe en soos wat die observasies getoon het, is daar maar een groepie uit seshonderd leerlinge wat uit meer as een bevolkingsgroep bestaan het.

Blootstelling aan ander bevolkingsgroepe het nie 'n verbetering van inter-etniese-groepevorming tot gevolg gehad nie. Blootstelling het wel 'n positiewe uitwerking getoon deurdat dit tot 'n vermindering in rassevoorvalle en groter verdraagsaamheid tussen leerlinge van verskillende bevolkingsgroepe bygedra het.

HOOFSTUK 5

SLOTSOM

5.1 Samevatting van die studie - 'n kort opsomming

Hierdie studie is onderneem met die doel om vas te stel of blootstelling tussen leerlinge van verskillende bevolkingsgroepe in 'n spesiale skool 'n invloed gehad het op rassevoorvalle wat met vooroordeel en stereotipes verband hou. Gedurende Januarie 1995 het die eerste leerlinge van ander bevolkingsgroepe by hierdie voorheen uitsluitlik blanke skool ingeskryf. Rassevoorvalle was vir die eerste paar weke aan die orde van die dag. Die voorvalle het geleidelik afgeneem, maar die leerlinge van verskillende bevolkingsgroepe het steeds hul afstand gehou. Hierdie faktore het aanleiding tot die studie gegee. Die studie het getoon dat die verdraagsaamheid en aanvaarding van die leerlinge teenoor ander bevolkingsgroepe verbeter het. Kontak tussen die leerlinge was nie gestruktureerd nie, tog het die verhoudings tussen die verskillende groepe verbeter. Rassevoorvalle het drasties verminder en die houdings van leerlinge betrokke by die fokusgroep onderhoud en die leerlinge wat die vraelyste voltooi het, is positief teenoor ander bevolkingsgroepe. Die studie het nie daarin geslaag om vooroordeel en stereotipes te meet nie, maar die studie kan bewys dat die verdraagsaamheid van die leerders teenoor ander groepe verbeter het deurdat rassevoorvalle verminder het.


Blootstelling bied die geleentheid vir die skep van verdere gestruktureerde kontak. Gestruktureerde opvoedings en inligtingsprogramme met gepaardgaande kontak kan verder bydra om interpersoonlike en intergroepverhoudings te verbeter. Blootstelling moet gesien word as die eerste stap in die rigting om groep en interpersoonlike verhoudings te verbeter, want sonder blootstelling sal vooroordeel vermindering beswaarlik gerealiseer kan word.

5.2 Gevolgtrekking

In Suid-Afrika is kontak tussen mense van verskillende bevolkingsgroepe 'n onafwendbare verskynsel. Kontak vind op alle terreine plaas - skole, werkplekke en woonbuurtes. As kontak tussen verskillende groepe die verdraagsaamheid van mense verbeter en help om mekaar te aanvaar, dan is dit 'n sosiaal aanvaarbare verskynsel. Die literatuur toon dat kontak wel onder sekere omstandighede intergroepverhoudings bewerkstellig. Alhoewel dit nie in die studie bewerkstellig is nie, het kontak tussen die groepe 'n vermindering in rassevoorvalle meegebring. In hierdie geval het selfs ongestruktureerde kontak (blootstelling) ook vir die leerlinge die werklikheid na die skool gebring en dit is dat mense van verskillende groepe moet saamleef en -werk. Blootstelling is inderdaad die begin van 'n geleentheid om beter verhoudings te skep. In 'n multikulturele skool waar die beginsels van multikulturele onderwys toepas word, behoort 'n sosiale klimaat te heers wat gunstig is om intergroepverhoudings te bevorder.

Leemtes wat die studie toon, is dat daar by die skool min strategieë gevolg is wat kontak meer gestruktureerd maak. Verder kan die skool meer multikultureel sensitief wees en programme daarstel vir die opheffing van verskillende kulture. Die skool het min beheer oor die ratio van die leerders. 'n Verbetering in die leerlinge se verhoudings sal meegebring word indien die ratio van 80 : 20 (tagtig wit en twintig swart) kan verander na 'n 50 : 50 ratio. 'n Ratio van 50 : 50 bied die geleentheid vir die leerders om mekaar beter te leer ken en verminder statusverskille tussen groepe - dit is 'n ideaal wat nagestreef behoort te word.

5.3 Aanbevelings



Kultuurverskille tussen die verskillende bevolkingsgroepe is groot. Eerstens is dit die taak van die onderwyser om die kultuur van elke groep toe te lig, raakpunte van die verskillende kulture te identifiseer en die leerlinge te laat besef dat daar meer gemeenskaplikhede as verskille tussen die groepe is. 'n Klimaat moet by die skool geskep word waar die leerlinge geleer word om mense van ander groepe te respekteer, om met empatie na ander groepe se probleme te luister en om kultuurverskille te erken en te waardeer. Multikulturaliteit moet binne 'n etos van medemenslikheid gevestig word. Verder moet na strategieë gekyk word om kontak tussen groepe meer gestruktureerd te laat verloop om intergroep- en interpersoonlike verhoudings te bevorder.

Tweedens het die skool die taak om die ouers van verskillende bevolkingsgroepe saam te bring. Die skool moet as 'n middelman tussen die groepe optree om beter verhoudings tussen die ouers van verskillende bevolkingsgroepe te bewerkstellig. Dit help min as die kind by die skool leer om ander groepe te aanvaar, maar by die huis die teenoorgestelde waarneem en hoor.

Derdens moet verdere navorsing aangemoedig word wat gevolglik 'n verbetering in intergroepverhoudings kan meebring. Vergelykende studie van die drie spesiale skole in Pretoria, kan gedoen word.

Vierdens behoort navorsing gedoen te word om te bepaal of Kurrikulum 2005 wat nou geïmplementeer word, 'n bydrae tot die verbetering in intergroepverhoudings sal lewer. 'n Vereiste van Kurrikulum 2005 is dat saam in groepe aan 'n gemeenskaplike doel gewerk word.

Verder behoort daar 'n studie onderneem te word waar spesiale- en gewone hoërskool leerders ten opsigte van verhoudings tussen verskillende groepe met mekaar vergelyk word.

BRONNELYS

ABOUD, F 1988: Children and prejudice. Oxford: Blackwell Publishers.

ALLPORT, GW 1954: The nature of prejudice. Cambridge, Massachusetts: Addison Wesley Publishing Company.

ASHMORE, RD 1970: Solving the problem of prejudice. (In: Collings, B.E. ed. 1970: Social psychology. Reading Massachusettes: Addison - Wesley Publishing Company, pp. 298 - 339.)

ATMORE, E 1994: Multicultural education, anti-racist practice and early childhood education in the South African context. (In: Le Roux, J. ed. 1994: The black child in crisis. Pretoria: Van Schaik, pp. 147 - 169.)

BANKS, JA 1993: The canon debate, knowledge construction, and multicultural education. Educational Researcher, 22(5), June/July 1993 : 4 - 14.

BAKER, C 1995: Building bridges: Multilingual resources for children. Clevedon: Multilingual Matters Ltd.

BECKMAN, JL 1992: Multikulturele onderwys: 'n Terreinverkenning. Tydskrif vir tegniese en beroepsonderwys, (9), September 1992 : 5 - 10.

BEHR, AL 1983: Emperical research methods for human sciences. Durban: Butterworth Publishers (Pty) Ltd.

BOGARDUS, ES 1954: Sosiology. New York: The MacMillan Company.

BORG, WR 1963: Educational research: An introduction. London: Longman.

- BOTHA, JH; BOTHA, TR & ENGELBRECHT, CS 1992: Verandering van stereotypes by onderwysstudente. S. Afr. Tydskr. Opvoedk., 13(2), September 1992 : 60 - 64.
- BRADNUM, M; NIEUWOUDT, J & TREDoux, C 1993: Contact and the alteration of racial attitudes in South Africa. S. Afr. Tydskr. Sielk., 23(4), September 1993 : 204 - 211.
- BURROUGHS, GER 1971: Design and analysis in educational research. Great Britian: Alden & Mowbray Ltd.
- COCHRANE, R & CARROL, D 1991: Psychology and social issues: A tutorial text. London: The Falmer Press.
- COHEN, L & MANION, L 1989: Research methods in education. London: Routledge.
- DAVEY, CR 1994: Understanding the multicultural classroom. (In: Le Roux, J ed. 1994: The Black Child in Crisis. Pretoria: Van Schaik, pp. 122 - 146.)
- DEAN, JP 1954: Participant observation and interviewing. (In: Doby, J.T. ed. 1954: An introduction to social research. Harrisburg, Pennsylvannia: The Stockpole Company, pp. 225 - 252.)
- DYER, JR 1979: Understanding and evaluating educational research. Reading, Massachusetts: Addison-Wesley Publishing Company.
- EHRlich, HJ 1973: The social psychology of prejudice. New York: John Wiley & Sons, Inc.
- ELKIN, F & HANDEL, G 1989: The child and society. New York: Random House.
- FOSTER, D & FINCHILESCU, G 1986: Contact in a non contact society. (In: Bradnum, M; Nieuwoudt, J & Tredoux, C eds 1993: Contact and the alteration of racial attitudes in South Africa. S. Afr. Tydskr. Sielk., September 1993 : 204 - 211).
- FREY, JH & FONTANA, A 1993: The group interview in social research. (In Morgan, DL ed 1993: Succesful focus groups. Newbury Park: Sage Publications, Inc. pp. 20 - 34.)

- GAY, LR 1976: Educational research: Competencies for analysis and application. Columbus, Ohio: Charles Merrill Publishing Company.
- GOODE, WJ & HATT, PK 1952: Methods in social research. New York: McGraw-Hill Book Company, Inc.
- HEWSTONE, M & BROWN, R 1986: Contact and conflict in intergroup encounters. Oxford: Basil Blackwell Ltd.
- KAMFER, L & VENTER, DJL 1993: First evaluation of a stereotype reduction workshop. South African Journal of Psychology, 24(1), 1993: 13 - 20.
- KANE, E 1985: Doing your own research. London: Marion Boyars Publishers, Inc.
- KATZ, PA & ZALK, SR 1978: Modification of children's racial attitude. (In: Aboud, F ed. 1988: Children and prejudice. Oxford: Blackwell Publishers, p. 84.)
- KINLOCH, GC 1974: The dynamics of race relations. New York: McGraw-Hill Book Company, Inc.
- KREFTING, L 1991: Rigor in qualitative research: The assesment of trustworthiness. The American Journal Occupational Therapy, (45) 3, March 1991: 214 - 222.
- KVALE, S 1983: The qualitative research interview. Journal of Phenomenological psychology, 14, 1983: 171 - 196.
- LAMPE, PE 1988: The problematic nature of interracial and interethnic communication. The Social Studies, May/June 1988 : 116 - 120.
- LANDMAN, WA 1988: Navorsingsmetodologiegrondbegrippe. Pretoria: Serva Uitgewers.
- LEEDY, PD 1980: Practical research: Planning and design. New York: MacMillanPublishing Company.

LEEDY, PD 1993: Practical research: Planning and design. New York: MacMillan Publishing Company.

LEICESTER, M 1989: Multicultural education. Windsor: The NFER-NELSON Publishing Company Ltd.

LEVER, H 1971: Programme to reduce inter-group tensions. (In: Randall, P ed. 1971: Towards social change. Johannesburg: Raven.(Pty) Ltd., pp 136 - 155).

LINDGREN, HC 1973: An introduction to social psychology. New York: John Wiley & Sons, Inc.

LUIZ, J & KRIGE, P 1981: The effect of social contact between South African whites and coloured adolescent girls. (In: Bradnum, M; Nieuwoudt, J & Tredoux, C eds. 1993: Contact and the alteration of racial attitudes in South Africa. S. Afr. Tydskr. Sielk., 23(4) September 1993: 204 - 211).

LYNCH, J 1986: Multicultural education. London: Routledge & Kegan Paul.

MERRIL, FE; DUNHAM, HW; ROSE, AM & TAPPAN, PW 1950: Social problems. New York: Alfred. A. Knopf, Inc.

MILES, MB & HUBERMAN, AM 1994: Qualitative data analysis. California: Sage Publications, Inc.

MYNHAARDT, JC 1980: Prejudice among Afrikaans and English speaking South African students. (In Bradnum, M; Nieuwoudt, J & Tredoux, C eds. 1993: Contact and the alteration of racial attitudes in South Africa. S. Afr. Tydskr. Sielk., 23(4) September 1993: 204 - 211).

- RUSSEL, MJ 1961: Study of a South African interracial neighbourhood. (In: Bradnum, M; Nieuwoudt, J & Tredoux, C eds. 1993: Contact and the alteration of racial attitudes in South Africa. S. Afr. Tydskr. Sielk., 23(4) September 1993: 204 - 211).
- SAENGER, G 1953: The social psychology of prejudice. New York: Harper & Brothers Publishers.
- SEARS, DO; FREEDMAN, JL & PEPLAU, LA 1970: Social psychology. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.
- SECORD, PF & BACKMAN, CW 1964: Social Psychology. New York: McGraw-Hill Book Company.
- SMITH, DPJ 1990: Navorsingsontwerp en metodes van navorsing. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- SPANGENBERG, J & NEL, EM 1983: Effects of equal status contact on ethnic attitudes. (In: Bradnum, M; Nieuwoudt, J & Tredoux, C eds. 1993: Contact and the alteration of racial attitudes in South Africa. S. Afr. Tydskr. Sielk., 23(4) September 1993: 204 - 211).
- STEPHAN, WG & ROSENFELD, D 1982: Racial and ethnic stereotypes. (In: Botha, JH; Botha, TR & Engelbrecht, CS eds. 1992: Verandering van stereotypes by onderwysstudente. S. Afr. Tydskr. Opvoedk., 13(2) September 1992: 60 - 64).
- SWARTZ, E 1992: Multicultural education: From a compensatory to a scholarly foundation. (In: Grant, CA ed 1992: Research and multicultural education. London: The Falmer Press, pp. 32 - 42.)
- THIELE, GA 1988: Stereotipering onder blankes en kleurlinge in die R.S.A. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (D. Phil. - proefskrif.)
- TRIANDIS, HC 1971: Attitude and attitude change. New York: John Wiley & Sons, Inc.

VAN DER WALT, JL 1994: Die opvoedingsfilosofiese grondslae van multikulturele onderwys.

Potchefstroom: PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese Studies. OVSA.)

VILJOEN, HG 1973: Etniese vooroordeel: 'n Sosiaal sielkundige verskynsel. Pretoria: Van Schaik.

WATSON, G 1970: Passing for white. (In: Bradnum, M; Nieuwoudt, J & Tredoux, C eds. 1993: Contact and the alteration of racial attitudes in South Africa. S. Afr. Tydskr. Sielk., 23(4) September 1993: 204 - 211)

